

Merwe Scholtz

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Merwe Scholtz (1924–2005) was 'n professor in Afrikaanse letterkunde en taalwetenskap aan die universiteite van Pretoria, Amsterdam, Kaapstad en Stellenbosch. Hy is ook Afrikaanse digter en skrywer van verskeie letterkundige resensies en artikels.

Inhoud

Lewe en werk

Skryfwerk

Erbewyse

Publikasies

Bronnels

Lewe en werk

Boeke

Tydskrifte en koerante

Internet

Resensies

Lewe en werk

Hendrik van der Merwe Scholtz was op 8 Julie 1924 in Utrecht, Nederland gebore terwyl sy vader besig was om aldaar te studeer aan sy doktorsgraad oor Angel-Saksies en Oud-Noors. Sy vader is Hendrik van der Merwe Scholtz en sy moeder is Maria Johanna (Lily) Greeff. Hy keer in 1928 saam met sy ouers terug na Bloemfontein in Suid-Afrika, waar sy vader 'n lektoraat aan die Grey-Universiteitskollege aanvaar en later die eerste rektor word wanneer hierdie universiteitskollege in 'n volwaardige universiteit omskep word. Sy skoolopleiding ontvang hy aan die President Brantskool en hy matrikuleer daarna in die eerste klas aan die Sentraal Hoërskool in Bloemfontein. Hy studeer verder aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, waar hy in 1943 'n B.A.-graad behaal met onderskeidings in Afrikaans, Geskiedenis en Engels. Hierna gaan hy na die Potchefstroomse Universiteitskollege, waar hy onder leiding van Gerrit Dekker 'n M.A.-graad in Afrikaans-Nederlands met onderskeiding verwerf. Op grond hiervan ken die Universiteit van Suid-Afrika 'n buitelandse studiebeurs aan hom toe. In 1945 sluit hy hom aan by die redaksie van Die Volksblad in Bloemfontein, maar na ses maande neem hy 'n pos aan as lektor in die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat.

In Augustus 1947 vertrek hy na die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, waar hy aan die einde van November 1949 sy doktorale eksamens cum laude aflê en in 1950 onder professor W.G. Hellinga promoveer met die proefskrif "*Sistematiese verslag van 'n stilistiese analyse (Eugène Marais 'Die towenares')*", wat later gepubliseer word. Hy tree in Januarie 1948 in Eda in Nederland in die huwelik met Rita Karstel, oudste dogter van mnr. en mev. O.A. Karstel van Bloemfontein. Die egpaar het drie seuns, Marius, Merwe en Mark.

By sy terugkeer in 1950 na Suid-Afrika is hy dosent, later senior lektor en vanaf 1955 medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria en volg dan in 1959 vir N.P. van Wyk Louw op as hoogleraar in Amsterdam. Hy lewer sy intreerede onder die titel "*In en om die gedig*", oor Jan F.E. Celliers se gedig "*Dis al*", op Maandag 26 Oktober 1959^[1]. Onder sy studente hier is Roswitha

Geggus, Rouston Gilfillan, Abraham H. de Vries en Leendert Dekker. In 1963 keer hy terug na Suid-Afrika en is hy hoogleraar in taalwetenskap, agtereenvolgens vanaf 1963 aan die Universiteit van Pretoria, vanaf 1966 aan die Universiteit van Kaapstad en vanaf 1979 aan die Universiteit van Stellenbosch.

In 1963 word hy deeltydse lid van die Publikasieraad en later ook voorsitter van komitees wat publikasies beheer en 'n voorsitter van deskundige komitees. In sy Kaapstadse en Stellenbosse periodes dien hy ook in die bestuur van die Kaapse Raad vir Uitvoerende Kunste (KRUIK) en in die Letterkundige Kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, terwyl hy ook in die laat sewentigerjare voorsitter is van laasgenoemde komitee. Hy tree af in 1986 en bly in Higgovale in Kaapstad, teen die hange van Tafelberg, Saam met Adam Small, Jans Rautenbach en Pieter Fourie speel hy in Julie 1994 'n leidende rol met die beplanning en oprigting van die Klein Karoo Nasionale Kunstfees op Oudtshoorn. Hy word later opgeneem in die Monte Rosa-tehuis vir bejaardes in Vredehoek in Kaapstad, waar hy op Woensdag, 12 Januarie 2005 aan 'n beroerte-aanval oorlede is.

Skryfwerk

Sy gedigte word gebundel in "Vlugtige spore", wat hy byna dertig jaar later opvolg met "Grimas" en nog later met "Mantessa".^[2] "Vlugtige spore" is kennelik nog jeugwerk en mis oor die algemeen diepgang, maar munt tog uit met tegniese vaardigheid en gevoeligheid vir woordkeuse.^[3] Die bundel bevat hoofsaaklik stemmingspoësie, met die deurlopende tema van die ontstaan van lewe met die wete dat die dood die enigste moontlike einde is, wat reeds deur die bundeltitel gesuggereer word. Stemmingsverse soos "Laatherfs", "Lente" en "Onrus" bevat suggestiewe beelding en gedigte soos "Die oproep", "Beatrijs" en "Ulysses" is mooi beelding van die heimwee en leed van ander. "Elemente" is 'n hoogtepunt met sy vergelyking van die vele vreugdes wat die geliefde bied met die versplinterde ligstrale uit 'n kristal, waarin beeld en die verklaring dig met mekaar verweef is.

"Grimas"^[4] bevat verse wat tussen 1969 en 1973 ontstaan het.^[5] Die titel suggereer sinies-geamuseerde waarnemings, wat dan ook reg laat geskied aan die gedigte in die bundel.^[6] Effektief is die vernuftige taal spel enwoord spel, waardeur veral die oomblik vasgevang word waartydens verskillende moontlikhede nog bestaan,^[7] voordat die besluit geneem word tot aksie.^[8] In die eerste afdeling word die mens binne die spel van die lewe geplaas, met ironie en sinisme oor veral die teenstelling tussen jeugdige opwinding en latere werklikheid. Die sjarmante "Tafelrym" ontgin die klank en betekenis van "radys", "patrys" en "paradys", terwyl "Sewejaartjie" eweneens klankspel is, met effektiewe progressie vanaf "droog" na "windpomp". Illusies word gestroop in die tweede afdeling, waar die kringloop van geboorte en dood die tydelikheid van die lewe beklemtoon. Veral treffend is "Heilige Barbara" se taal spel en die geslaagde opbou deur die herhaling van motiewe. Hierdie verse gee ook 'n unieke aksent aan die verse oor die heiliges in die Afrikaanse poësie. "Ophelia" het hierdie karakter uit Shakespeare se "Hamlet" as onderwerp. Die ironie van die lewe is die sentrale gedagte in die derde afdeling. "Dagbreekdief" is die vernuftige uitbeelding van die jakkals na sy nagtelike vangs onder die hoenders, terwyl "Passeeerde hings" die verhaal van Wolraad Woltemade na 'n kontemporêre tydperk verplaas. In "Boompraatjies" word die bome se gesprek oor 'n alkoholiese geval pragtig weergegee met behulp van klanke en woorde wat telkens by die karakter van elke boom aansluit. Die laaste afdeling bring al die voorafgaande in balans. Hier word die feit van die kringloop van die lewe, ook in die natuur, aanvaar en word hede en verlede in sinvolle samehang geskets. Hierdie balans is egter ook spel, sodat alles blywende teenspraak is. "Namib" dien byvoorbeeld paradoksaal as bron van water.

"Mantessa"^[9] se gedigte behandel veral die erotiese ervaring tussen man en vrou en hierdie tema word reeds deur die titel aangekondig, naamlik man + Tessa of die vroulike vorm van mantis,^[10] wat 'n bidsprinkaan of hotnotsgot is.^[11] In laasgenoemde verband is dit belangrik dat die hotnotsgot-wyfie die mannetjie na paring opvreet. Die bidsprinkaan suggereer ook iets van biddende heiligheid. Benewens die erotiese is reis 'n deurlopende tema, waar met nuwe oë na bekende plekke of die natuur gekyk word. Die spreker is dikwels die ouer man met sy bepeinsinge oor die dood en die dinge wat nog plesier verskaf, soos familie en plekke. Die gedigte sluit in toonaard aan by die "Klipwerk" gedigte van N.P. van Wyk Louw, terwyl 'n digte web van kruisverwysings (byvoorbeeld spinnerak en botterblom) die bundel in 'n eenheid bind.

Van sy gedigte word opgeneem in versamelbundels soos “Groot verseboek”, “Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte”, “Afrikaanse natuurpoësie”, “Die dye trek die dye aan”, “Goudaar”, “Miskien sal ek die wingerd prys”, “Woordpaljas”, “Verse vir Opperman”, “My Afrikaanse verseboek”, “Die goue vreugde” en “Uit ons digkuns”, terwyl hy ook gedigte in tydskrifte soos *Standpunte* publiseer.

As literator lewer hy 'n belangrike bydrae. Sy proefskrif,^[12] “Sistematische verslag van 'n stilistiese analise (Eugène Marais 'Die townerares')” ondersoek hierdie bekende gedig van Marais aan die hand van die stilistiese metode, waarvolgens die styl van die gedig, eerder as die grammatis-sintaktiese, die vermaamste ondersoekmiddel word. Hy slaag daarin om die skoonheid van die gedig self uit te lig op 'n besondere wyse. Kritiek kan egter ingebring word teen praktiese waarde van die stilistiese metode as sodanig, aangesien die omvangrykheid van hierdie benadering dit moeilik of selfs onmoontlik sal maak om meer as 'n beperkte aantal gedigte so te ontleed. Saam met professor W.G. Hellinga gee hy 'n meer uitvoerige uiteensetting van die metodes van die stilistiek op linguistiese grondslag in “Kreatiewe analise van taalgebruik”.^[13] Sy belangrikste kritiese opstelle word gebundel in^[14] “Die herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle” (waar die titel verwys na 'n opstel oor Pulvermacher) en^[15] “Die teken as teiken”. In hierdie essays blyk sy besondere gerigtheid op die wyse waarop taal funksioneer en sy belangstelling in literêr-teoretiese aangeleenthede, waar hy telkens op polemiese wyse standpunt inneem teen ander kritici.^[16] Die opstelle beïndruk verder met die skerpssinnige blootlê van patronen in die struktuur van die kunswerk en onverwagte maar telkens deurdagte interpretasies.

Hy lewer bydraes tot 'n verskeidenheid van publikasies, insluitende “Wyn en wysheid”, waarin ook opstelle van Marthinus Versfeld en I.L. de Villiers opgeneem is. As redakteur is hy verantwoordelik vir “Wynland”, 'n verkenning van die Wes- en Suid-Kaapse wyndistrikte met die hulp van 'n aantal medewerkers. Hy stel ook die “Versamelde prosa” van Boerneef, “Versamelde gedigte” van A.G. Visser (beide voorsien van 'n insiggewende inleiding), en die twee kortverhaalbundels^[17] “Vertellers” saam, waarin werke van ouer en jonger skrywers opgeneem word^[18] en hy ook verhale uit die vergetelheid opdiep.^[19] In^[20] “Die lewendie Totius” is hy redakteur van 'n bundel met literêr-wetenskaplike opstelle oor die werk van Totius en hy skryf 'n inleiding en versorg die uitgawe van^[21] “Joernaal van 'n Trek: Uit die dagboek van Erasmus Smit”. Hy redigeer ook “Leipoldt 100”, 'n bundel met studies oor C. Louis Leipoldt wat tydens die eeufees van hierdie digter verskyn. As vertaler lewer hy 'n bydrae deur Aristophanes se^[22] “Die paddas” in Afrikaans oor te sit met gebruik van die Engelse en Duitse vertalings.

Erbewyse

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ken in 1979 die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek aan hom toe.

Publikasies

Jaar	Publikasies
1947	Vlugtige spore
1950	Kreatiewe analise van taalgebruik (saam met W.G. Hellinga)
1955	Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Eugène Marais 'Die tovenares'
1975	Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle
1976	Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle
1978	Die teken as teiken
	Munt en kruis
1986	Mantessa
Vertalings	
1978	Die paddas – Aristophanes
Redakteur en samesteller	
1960	'n Keur uit sy gedigte – D.J. Opperman
1969	Wynland
1970	Wine country: journeys along the Cape wine-routes
1971	Red wine in South Africa – <u>Barrie Biermann</u>
1977	Die lewende Totius
1979	Versamelde prosa – Boerneef
1980	Leipoldt 100
	Slampamperliedjies – C. Louis Leipoldt
1981	Versamelde gedigte – A.G. Visser
1986	Sestigers in woord en beeld: Abraham H. de Vries
1988	Joernaal van 'n trek: uit die dagboek van Erasmus Smit
1990	Vertellers 1
1991	Vertellers 2
1994	Meesterverhale van Eugène Marais

Bronnels

Lewe en werk

Boeke

- Antonissen, Rob "Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede" Nasou Beperk Derde hersiene uitgawe Tweede druk 1964
- Antonissen, Rob "Kern en tooi" Nasou Beperk Eerste uitgawe Eerste druk Elsiesrivier 1963
- Antonissen, Rob "Verkenning en kritiek" H.A.U.M. Pretoria Eerste uitgawe Eerste druk 1979
- Beukes, W.D. (red.) "Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990" Nasionale Boekhandel Bpk. Kaapstad Eerste uitgawe eerste druk 1992
- Buning, Tj. "Uit ons digkuns" J.L. van Schaik Bpk. Pretoria Nuwe omgewerkte druk 1960
- Cloete, T.T. (red.) "Die Afrikaanse literatuur sedert sestig" Nasou Beperk Eerste uitgawe 1980

- Dekker, G. "Afrikaanse Literatuurgeschiedenis" Nasou Beperk Kaapstad Elfde druk 1970
- Grové, A.P. "Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans" Nasou Beperk Vyfde uitgawe Eerste druk 1988
- Kannemeyer, J.C. "Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1" Academica, Pretoria en Kaapstad Tweede druk 1984
- Kannemeyer, J.C. "Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2" Academica, Pretoria, Kaapstad en Johannesburg Eerste uitgawe Eerste druk 1983
- Kannemeyer, J.C. "Die Afrikaanse literatuur 1652-2004" Human & Rousseau Kaapstad en Pretoria Eerste uitgawe 2005
- Lindenberg, E. "Onsydige toets" Academica Kaapstad en Pretoria Eerste uitgawe 1965
- Nienaber, P.J. en Lategan, F.V. "Afrikaanse natuurpoësie" Afrikaanse Pers-Boekhandel Derde druk 1952
- Nienaber, P.J.; Senekal, J.H en Bothma, T.C. "Mylpale in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde" Afrikaanse Pers-Boekhandel Tweede hersiene uitgawe 1963
- Nienaber, P.J. et al "Perspektief en Profiel" Afrikaanse Pers-Boekhandel Johannesburg Derde hersiene uitgawe 1969
- Pheiffer, R.H. "Woordpaljas" Human & Rousseau Kaapstad en Johannesburg Derde uitgawe Derde druk 1993
- Steyn, J.C. "Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal Deel II" Tafelberg-uitgewers Beperk Eerste uitgawe 1998
- Van Coller, H.P. (red.) "Perspektief en Profiel Deel I" J.L. van Schaik-Uitgewers Pretoria Eerste uitgawe 1998

Tydskrifte en koerante

- Fourie, Pieter "Klipog kon 'n kolskoot skiet" "Beeld" 18 Januarie 2005
- Hugo, D.J. "Spore van kraaiopootjies en die kelkiewyn' – drie drankgedigte by Merwe Scholtz"
- Standpunte" Nuwe reeks 174, Desember 1984
- Jansen, Herman "'n Gevoelsmens van staal" "Rapport" 16 Januarie 2005
- Smith, Carin "Merwe Scholtz sterf aan beroerte" "Beeld" 13 Januarie 2005
- Smith, Francois "Scholtz bly sy weerbarstige, diepsinnige self" "Die Burger" 8 Julie 2004
- Viljoen, Louise "In memoriam: Merwe Scholtz (1924–2005)" "Tydskrif vir Letterkunde" Jaargang 42 no. 2, Lente 2005

Internet

- Esat: http://esat.sun.ac.za/index.php/H._van_der_Merwe_Scholtz
- Fourie, Pieter Beeld: <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2005/01/18/KA/03/02.html>
- LitNet ATKV-Skrywersalbum 23. September 2014: <http://www.litnet.co.za/merwe-scholtz-1924-2005/>
- Smith, Carin Volksblad: <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2005/01/13/VB/3/02.htm>
- Smith, Francois Die Burger: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1999/07/08/4/9.html>
- Smith, Francois Die Burger: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2004/07/08/DB/12LDN/02.html>
- Stellenbosch Writers: <http://www.stellenboschwriters.com/scholtzhw.html>
- Viljoen, Louise Tydskrif vir Letterkunde: http://www.letterkunde.up.ac.za/argief/42_2/B13%20Viljoen%2003.pdf
- Volksblad: <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2003/07/18/vb/2k/08.html>

Resensies

1. Hierdie intreerede word in sy geheel herdruk in Scholtz se bundel "Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle" wat in 1975 by Tafelberg-Uitgewers verskyn het.
2. Grové, A.P. "Standpunte" Jaargang 4, no.2, 1949
3. Van Heerden, Ernst "Rekenskap" Tafelberg-Uitgewers Bpk. Kaapstad Eerste uitgawe Tweede druk 1971
4. Brink, André P. "Rapport" 21 November 1976
5. Brink, André P. "Tweede Voorlopige Rapport" Human & Rousseau Kaapstad Pretoria Johannesburg Eerste uitgawe 1980
6. Cloete, T.T. "Tydskrif vir Geesteswetenskappe" Jaargang 17 no.2, Junie 1977
7. Grütter, Petra "Sarie Marais" 6 Oktober 1976
8. Snyman, Henning "Beeld" 11 Oktober 1976
9. Brink, André P. "Rapport" 28 Desember 1986
10. Grové, A.P. "Tydskrif vir Geesteswetenskappe" Jaargang 27 no. 2, Junie 1987

11. Hugo, Daniel "Die Burger" 27 November 1986
 12. Dekker, G. "Standpunte", No. 19, Februarie 1951
 13. Antonissen, Rob "Verkenning en kritiek" H.A.U.M. Pretoria Eerste uitgawe Eerste druk 1979
 14. Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle Brink, André P. "Rapport" Julie 1975
 15. Brink, André P. "Rapport" 29 April 1979
 16. Venter, L.S. "Standpunte" Nuwe reeks 153, Junie 1981
 17. Pakendorf, Gunther "Die Burger" 28 Junie 1990
 18. Rautenbach, Fanus "Insig" Oktober 1991
 19. Coetser, J.L. "Tydskrif vir Geesteswetenskappe" Jaargang 31 no. 4, Desember 1991
 20. Snyman, Henning "Beeld" 27 Junie 1977
 21. Swart, Marius "Tydskrif vir Geesteswetenskappe" Jaargang 29 no. 2, Junie 1989
 22. Swanepoel, Petrus "Die Transvaler" 31 Maart 1979
-

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Merwe_Scholtz&oldid=1983771"

Die bladsy is laas op 5 Mei 2019 om 18:47 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie [Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel](#). Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die [Algemene Voorwaardes](#) vir meer inligting.